

# 2023
# JAARVERSLAG

MATIES
SPORT




# Go!
MATIES

# ONS VISIE

Om die leidende universiteit te wees en by te dra tot 'n holistiese en diverse ervaring deur sport.

# ONS MISSIE

Om uitnemendheid te kweek in sowel die akademiese as sportprestasies van talentvolle studente-atlete en om sosiale kohesie en betrokkenheid te bevorder vir 'n aktiewe lewenstyl onder alle personeellede en studente.

# ONS STRATEGIESE DOELWITTE

- Om studente-atlete te ondersteun deur die lewering van 'n holistiese hoëprestasieprogram van wêreldgehalte.
- Om toegang tot 'n diverse rekreasie- en aktiewe lewenstylprogram te verskaf.
- Om 'n diverse omgewing te kweek wat ooreenstem met institusionele prioriteite.
- Om 'n volhoubare leweringsmodel na te streef wat deur ons professionele steundienste ondersteun word.
- Om sportverwante navorsing, onderrig en leer, en sosiale-impakaktiwiteite te ondersteun deur die Sentrum vir Sportleierskap.

# ERKENNING


| | |
|---|---|
| **Inhoud:** | Maties Sport |
| **Foto's:** | Maties Sport |
| **Redakteur:** | Trisha Bam |
| **Vertaling in Afrikaans:** | Pia Nänny |
| **Inligtinggrafika:** | Nado Graphics |
| **Ontwerp en uitleg:** | Nado Graphics |


Maties Sport

@matiessport

@MatiesSport

Maties Sport

@matiessport

# INHOUDSOPGAWE


1 | SUKSES IN SPORT, AKADEMIE EN GLOBALE NAVORSING **bl4**

2 | JAAR VAN NUWE SPORTGELEENTHEDE EN EERBETOON **bl5**

3 | ONS AMBASSADEURS VAN UITNEMENDHEID **bl6**

4 | ONS SPORTVERHOOG VAN WÊRELDGEHALTE **bl10**

5 | ONS VIER UITNEMENDHEID **bl14**

6 | ERKENNING AAN ONS STERRE **bl18**

7 | NOG 'N WENJAAR! **bl20**

8 | NAVORSING VIR IMPAK **bl24**

9 | FINANSIES **bl28**

10 | DOELGERIGTE VENNOOTSKAPPE **bl29**

11 | IN VOELING MET ONS AANHANGERS **bl31**

# 1 SUKSES IN SPORT, AKADEMIE EN GLOBALE NAVORSING

2023 was weer eens 'n uitsonderlike jaar vir Maties Sport en ons studente-atlete, sowel op as van die veld af. Benewens die feit dat 18 van ons sportkodes 30 medaljes verower het (10 goud, 8 silwer en 12 brons), het ons studente-atlete van nege hoëprestasiesportkodes 'n akademiese slaagsyfer van 85% behaal.

Ons het nóg 21 navorsingsgenote in ons Sentrum vir Sportleierskap (SSL) aangestel. Die status van Sentrum vir Olimpiese Studies is aan die SSL toegeken deur die Internasionale Olimpiese Komitee, en dit het gelei tot die bekendstelling van die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Olimpiese Studies en Sosiale Impak (SASOSSI).

Maties Sport het verskeie personeelskuiwe ondergaan. Ons het Grant van Velden, ons vorige hoof van die Hoëprestasie-eenheid, en Cameron Donkin, ons krag- en kondisioneringafrigter, gegroet.

Dit is moeilik wanneer sleutelpersoneellede aanbeweeg, maar dit skep ook die geleentheid vir nuwe aanstellings en bevorderings. In hierdie gees wens ons Keagan van Aarde, die voormalige sportbestuurder van twee hoëprestasiekodes, geluk. Hy is aangestel om vanaf Januarie 2024 as Senior Bestuurder: Hoë Prestasie te dien. Sean Surmon is ook amptelik as Maties Sport-direkteur aangestel.

Bykomende veranderingbestuur het tot die hertoewysing van sportkodes gelei, en met al hierdie veranderinge sal my sleutelfokusgebiede as hoofdirekteur in 2024 die volgende wees:

1. **Bestuur van menslike hulpbronne**, met die fokus daarop om vaardighede te versterk en sodoende bedryfsuitnemendheid te bevorder, om persoonlike ontwikkelingsplanne in heroënskou te neem om te verseker dat dit met opvolgbeplanning ooreenstem, en om belegging in personeel te fasiliteer om by te dra tot 'n gebalanseerde, gesonde en positiewe werkomgewing wat bydra tot loopbaan- en persoonlike welstand.
2. **Die bevordering van ons relevansie deur sosiale impak en navorsing, en die bou van kapasiteit deur** ons Sentrum vir Sportleierskap (SSL) en die Internasionale Olimpiese Komitee se Navorsingstudiesentrum wat, in samewerking met die SSL, uitstekende geleenthede bied om ons akademiese en bestuurskennis ten toon te stel en toe te pas.
3. **Persoonlike ontwikkeling** en bevordering van my eie kundigheid deur my doktorale studies sodat ek die #Maroenmasjien beter kan ondersteun en lei onder die leierskap van prof. Stan du Plessis, die Universiteit se bedryfshoof.

Geluk aan ons personeel, studente-atlete, afrigters, mediese en sportwetenskapsteundienspersoneel, fasiliteit- en terreinpersoneel, interns, borge, donateurs, vennote, belanghebbers, families, vriende, gemeenskappe en aanhangers met nog 'n fantastiese jaar.

Ons spits ons toe op die bevordering van ons relevansie en bly verbind tot die Universiteit Stellenbosch se visie van inklusiwiteit, uitnemendheid en innovasie. Ons sal voortgaan om 'n verskil te maak – *Om die leidende universiteit te wees wat bydra tot 'n holistiese en diverse ervaring deur sport.*

**Ilhaam Groenewald,**
Hoofdirekteur,
Maties Sport



# 2 JAAR VAN NUWE SPORTGELEENTHEDE EN EERBETOON

Die afgelope jaar was een van nuwe geleenthede vir Maties Sport. Ons het vrouerugby as 'n sportkode bekendgestel en ons eerste span het ons trots gemaak deur die eerste Varsitybeker-vrouerugbytitel te wen. Ons gee ook erkenning aan twee Maties-alumni wat die Proteas verteenwoordig het in vanjaar se Wêreldbeker-netbaltoernooi wat in Kaapstad aangebied is.

Nog 'n trotse oomblik was om ons studente-atlete by vanjaar se Maties Sport-toekenningsaand te vereer vir hul uitmuntende prestasies en beduidende bydraes op en van die veld af.

Geluk aan ons roeiers, die basketbal-, hokkie-, rugby- en netbalspelers, ons nuwe e-sportdeelnemers, die mense agter die skerms in ons kantore, ons afrigters, en die assistente. Ons toegewyde #Maroenmasjien en al sy dele is goed geolie en in 'n uitstekende toestand.

In Desember was ons Stellenbosch-kampus weer vol studente wat hul akademiese prestasies tydens gradeplegtigheidweek gevier het: onder hulle was ons studente-atlete wat hul uitmuntende akademiese uitslae kon vier. Die vermoë om optimaal op die sportveld te presteer terwyl hulle uitblink op akademiese terrein is die eienskap van 'n uiters goed gebalanseerde, karaktervolle individu wat sal voortgaan om 'n sukses van sy of haar loopbaan te maak – waarheen ook al die pad lei.

Dankie, Maties Sport-atlete en -personeel, dat julle ons trots maak.

**Prof. Stan du Plessis**
Universiteit Stellenbosch: Bedryfshoof



# 3 ONS AMBASSADEURS VAN UITNEMENDHEID

Dit was 'n jaar van teer afskeide en warm verwelkomings vir nuwe personeel en ander wat in nuwe rolle aangestel is. Ons uitmuntende en toegewyde span het weer eens elke uitdaging hanteer, ons studente-atlete ten volle ondersteun, en Maties Sport ten toon gestel deur as gasheer vir plaaslike en internasionale spanne en geleenthede op te tree.

## Maties Sport-personeel vir uitmuntende bydraes vereer

'n Belangrike komponent van personeelerkenning is om die groot diversiteit van bydraes te vier. Die US se bedryfshoof en Maties Sport se lynhoof, prof. Stan du Plessis, het in 2019 'n opwindende inisiatief bekendgestel om personeel in sy verantwoordelikheidsentrum met toekennings vir uitnemendheid te vereer.

In 2023 het Maties Sport-personeellede Anche Nortje (Sportbestuurder: Maties Hokkie) en James Marney (Maties Rugby-assistent) toekennings ontvang.

Die #Maroenmasjien is baie trots!




*Shareen van Staden en Drikus Hancke (links) en Ilhaam Groenewald (regs) by die toekenningontvangers James Marney en Anche Nortje.*

## Ontmoet Maties Sport se senior bestuurspan





*Gereed om leiding te gee is, van links, Andy du Bruin, dr. Nana Adom-Aboagye, Ilhaam Groenewald, Reggie Smith en Sean Surmon.*

### ONTLEDING VAN MENSLIKE HULPBRONNE/DEMOGRAFIE




### TOTALE MS-PERSONEELOPLEIDING: MANS EN VROUE



## Die #MaroenMasjien-droomspan



*Maties Sport-personeel saam met die US se bedryfshoof, prof. Stan du Plessis.*

# Personeelskuiwe om loopbane te bevorder

**Ons sterk punte in administrasie en bestuur – asook ons diens aan studente-atlete – is in 2023 uitgebrei deur die aanstelling en bevordering van 'n paar sleutelpersoneellede.**



*Sean Surmon*

**Sean Surmon,** 'n stigterslid van Maties se Hoëprestasie-eenheid, is amptelik aangestel as Direkteur: Maties Sport. Surmon het in 2011 na die US teruggekeer as lid van die Geïntegreerde Medisyne en Wetenskap (IMAS) Hoëprestasieprogram. Die IMAS-program het oor 'n tydperk van tien jaar gegroei om 'n sleuteldiensleweringseenheid vir ons hoëprestasiesportkodes te word.

Met sy passie vir sport en jare lange ondervinding met studente-atlete, sal hy aanhou verseker dat Maties Sport na bedryfsuitnemendheid streef. Surmon is ook aangestel as die inwonende hoof van Huis Neethling, Maties Sport se sportkoshuis.

**Keagan van Aarde** het die leisels oorgeneem as Senior Bestuurder: Hoë Prestasie nadat die vorige hoof, Grant van Velden, weg is om aan die stuur van hoë prestasie by Krieket Suid-Afrika te staan. Van Aarde het Sportwetenskap aan die US gestudeer en het krieket vir Maties gespeel. Hy is 'n voormalige primarius van Huis Neethling, en was die HP-eenheid se eerste intern in samewerking met die Departement Sportwetenskap. Hy het daarna sy loopbaan as sportklubbestuurder van krieket en atletiek voortgesit.



*Keagan van Aarde*

**Karabo Abuki** (links) is aangestel as die krag- en kondisioneringafrigter vir mans- en vrouesokker, en
**Robyn Emslie** (middel) het by die span aangesluit as 'n HP-intern vir 2023.
**Hannah Bevis** (regs) is die krag- en kondisioneringafrigter vir mans- en vrouebasketbal én vrouerugby.







**Jonathan Guy** het oorgeneem as die hoofafrigter vir Maties Swem. Hy het die grade BSc Sportwetenskap (honneurs) in Hoë Prestasie (2015) en BSc Sportwetenskap (honneurs) in Biokinetika (2016) aan die US verwerf. Guy se swemskool fokus op juniors en vyf van dié jong swemmers sal in 2024 aan die SA nasionale swemkampioenskap vir juniors deelneem. Hy staan ook die Darcey Sunshine-stigting by met waterveiligheidopvoeding en oorlewingswemlesse vir kwesbare gemeenskappe.



*Jonathan Guy*

**Kabamba Floors** is aangewys om vir die volgende drie jaar die hoofafrigter van Maties se senior mansrugbyspan te wees. "Dit is 'n groot voorreg om vertrou te word met 'n posisie waarheen ek die afgelope sewe jaar lank gegroei het," het Floors gesê. Hy het in 2016 by Maties Rugby aangesluit as assistentafrigter van die Young Guns.



*Kabamba Floors*

Maties Sport aangesluit om ons studente-atlete as assistentafrigter van die eerste rugbyspan by te staan. Barry, wat Maties Rugby in 2017 aangevoer het as kaptein, het aan vyf Varsitybeker-toernooie deelgeneem, 41 wedstryde gespeel en 16 drieë gedruk.



*Craig Barry*

**Anche Nortje** is permanent as Maties Hokkie-klubbestuurder aangestel. Nortje se verbintenis met die klub het in 2004 as studente-atleet begin terwyl sy vir 'n BA-graad in Sportwetenskap studeer het. Haar professionele verhouding met die klub het in 2015 begin en sy het rolle in sowel administrasie as afrigting vervul.



*Anche Nortje*

## Ons vier ons kultuur in styl



*Blaaskans vir die span: Maties Sport-personeel vier Vrouedag by Ashanti-landgoed.*

# 4 ONS SPORTVERHOOG VAN WÊRELDGEHALTE

**Ons Coetzenburg-sportkampus was in 2023 die perfekte venue vir plaaslike en internasionale kompetisies en geleenthede. Hier is ons uitsonderlike geriewe en ons spanne se professionele aanbieding en organisasievaardighede ten toon gestel.**

Ons was die gasheer vir film- en foto-opnames, korporatiewe, regering-, gemeenskap- en skoolgeleenthede, nasionale federasiesportgeleenthede – en natuurlik, Varsitybeker-kragmetings. Die Danie Craven-stadion was die voorkeurvenue vir Verenigde Rugbykampioenskap- en Curriebeker-wedstryde, die o.20 Rugbywêreldbekerkampioenskap, en die Wêreld XV Vrouekampioenskap. Stellenbosch-sokkerklub (SFC) het ook hul Premiersokkerliga- (PSL-) veldtog hier afgeskop.



## Groot eksterne geleenthede wat by Coetzenburg aangebied is

- o.19 Krieket CUBS-week
- PSL Stellenbosch FC-ligawedstryde
- T20 Vrouekrieketwêreldbeker
- Varsitybeker
- Vensters
- Rektor se verwelkoming
- Klustersportdag
- Nuwelinggeleentheid
- Skole-atletiek
- Kaapse Wynlande-gala
- ABSA Cape Epic 2023
- WP-tweekampgeleentheid
- VRK DHL Stormers-wedstryde
- Paul Roos SA bergfietsbeker
- Gradeplegtighede
- Stellenbosch-sokkerklub
- o.20 Rugbywêreld-bekerkampioenskap
- E-Bosch-koorfees
- Varsity Netbal
- Maties Sport-toekenningsaand

## Stellenbosch-sokkerklub is wenners





*Maties Sport is die tuisveld van die trotse trofeewenners Stellenbosch-sokkerklub (SFC).*

# Opgraderings van wêreldgehalte aan Coetzenburg-bane


Die kleedkamers in die Maties Krieket-klubhuis is opgeknap voor vier opwarmingswedstryde vir die IKR se T20 Vrouekrieketwêreldbeker wat in Februarie aangebied is. Ons krieketvelde was die gasheer vir agt internasionale spanne, onder meer Suid-Afrika en Australië.

Die Coetzenburg-sentrum (regs) het ook opknappingswerk ondergaan, wat 'n internasionale netbalbaan insluit wat deur die Spar Proteas-netbalspan gebruik is tydens hul voorbereiding vir die 2023 Netbalwêreldbeker. Te danke aan hierdie baan is Maties nou 'n voorkeurnetbalbestemming, en dit posisioneer ons om provinsiale toernooie soos die Telkom-netballiga aan te bied. As 'n veeldoelige fasiliteit sal dit ook 'n belangrike rol speel in ons basketbalprogram.



## Huis Neethling is 'n tuiste weg van die huis af

*Huis Neethling-koshuis is die tuiste van 104 studente-atlete – 48 vroue en 56 mans oor verskillende sportkodes heen. Dit is daarop toegespits om voorsiening te maak vir die veeleisende skedules van studente-atlete wat 'n balans moet vind tussen hul akademiese en sportverpligtinge, wat moet fokus op voeding, asook hul emosionele en geesteswelstand, en wat uiteindelik ook hul universiteitsdae wil geniet.*




# Satellietgronde vergroot ons kampus





*Die mediese kampus by Tygerberg (links) in Bellville word bedien deur Maties Sport met hul eie sportfasiliteit wat met die spesifieke doel gebou is om voorsiening vir verskeie sportkodes te maak; en slegs 'n paar kilometer van Coetzenburg in Stellenbosch is ons pragtige Lentelus-gronde wat die middelpunt van ons sokkeraktiwiteit vorm.*

## Aantal geleenthede per kategorie





## Aantal geleenthede per sportkode





*Sokker was een van die gewildste sportkodes in 2023, te danke aan die vennootskap met die Stellenbosch-sokkerklub (SFC).*

## Geleentheidbron





*Die meeste nuwe besigheid – en die behoud van bestaande besigheid – kan direk aan Maties Sport toegeskryf word.*

## Aantal geleenthede per maand




## Aantal geleenthede per fasiliteit




*Die Danie Craven-stadion was een van ons gewildste fasiliteite in 2023, omdat dit 'n dubbeldoelfasiliteit geword het wat verskeie VRK-rugby- en PSL-sokkerwedstryde aangebied het.*

# Ons is ernstig oor volhoubaarheid






Maties Sport het die vermoë om die hele jaar lank geen drinkbare water vir ons Coetzenburg-kampus te gebruik nie.

Ons het 'n lisensie om water uit die Eersterivier te pomp na 'n dam van 79 000m³ op ons perseel, en hierdie water – wat gebruik word om ons velde te onderhou – word in die winter gepomp.

Reënwater, wat in tenks geberg word, word gebruik om ons binnenshuise swembad op te vul, en boorgatgrondwater word gebruik vir ons buiteswembad. Die huidige kapasiteit van ons reënwatertenks is 500 000 liter; en dit sal in 2024 na 800 000 liter opgegradeer word.

Sonkrag is deel van die Universiteit se Groen- en Volhoubaarheidsplan wat oor die volgende vyf tot tien jaar geïmplementeer sal word; en ons ondersoek ook tans die moontlikheid om die hittepompe by ons swembadfasiliteite met 'n houtpilstelsel te vervang om verhitting sonder elektrisiteit moontlik te maak. Kragopwekkers word as rugsteun gebruik by die Coetzenburg-sentrum, die Sportwetenskap-gebou wat die Biokinetika-sentrum en die gimnasium huisves, ons fasiliteitewerkswinkel, die Jannie Marais-huis en vir die C-rugbyveld se ligte. Ons huur 'n eenheid vir die Danie Craven-stadion wanneer en indien nodig.



# 5 ONS VIER UITNEMENDHEID

**Uitnemendheid is die etos van Maties Sport – hetsy op of van die veld af! En in 2023 het ons studente-atlete nie net kampioenskaptitels gewen en goue, silwer- en bronsmedaljes in verskeie sportkodes huis toe gebring nie – hulle het ook hul uitsonderlike vermoëns en dissipline ten toon gestel deur akademies te presteer.**

Dit was 'n deurbraakjaar vir ons vroue in sport wat die eerste Varsitybeker-rugbytoernooi vir vroue gewen het.

Hulle was wêreldwyd in internasionale kompetisies betrokke en hul talent was genoeg bewys dat verdere belegging en aanhangersteun geregverdig is.

Ons het hierdie #Maroenmasjien-vrouekrygers gevier deur die tema van ons jaarlikse toekenningseremonie te maak "Hier vir Haar".

## Maties Rugby-vroue baan die weg!

Maties se vrouerugbyspan het die eerste Varsitybeker vir vroue gewen ná baie jare se harde werk en uitdagings.

Soos hul manlike eweknieë – wat die eerste Varsitybeker-toernooi in 2008 onder leiding van Chean Roux gewen het – is Maties se vrouespan die eerste span wie se naam op die Varsitybeker-vrouetrofee verskyn.

Johann Zeier het verskeie seisoene lank die span op vrywillige basis afgerig terwyl hy ook mansrugbyspanne afgerig het. Die SAS-rugbyafrigter en prestasie-ontleder is al amper 'n dekade lank by Maties Rugby betrokke.

Aldus Zeier: "Maties Sport en Maties Rugby was die afgelope ses jaar baie ondersteunend teenoor vrouerugby. Om vir 'n handelsmerk te werk wat jou ondersteun, maak 'n groot verskil in die manier waarop dinge gedoen word en ek glo dit maak 'n reuse- positiewe bydrae tot ons hoëprestasie-oefenomgewing."

Bianca Augustyn, 'n student in Siviele Ingenieurswese wat in 2022 vir die Suid-Afrikaanse vrouesewesspan uitgedraf het by die Statebondspele in Birmingham, sê dat hulle as vrouerugbyspelers "niks het om te verloor nie, en alles het om te wen".



*Ons Varsitybeker-vrouerugbykampioene met hul welverdiende trofee.*

# Ondersteun deur US se leierskap

Sport is sentraal tot die Universiteit Stellenbosch se doelwitte om 'n florerende instelling te skep en 'n transformerende studente-ervaring te verskaf.
In hierdie gees het prof. Wim de Villiers, die US se rektor en visekanselier, ons 2023 Afrigtersforum bygewoon en 'n paar insiggewende stellings gemaak – in die besonder dat Maties Sport se suksesse afhang van ons afrigters.

Die Afrigtersforum is deel van ons hoëprestasieprogram en poog om 'n ruimte te skep waar afrigters met mekaar kan kommunikeer oor die toekoms van 'n innoverende en volhoubare model vir ons werwing- en behoudprogram.

Nog 'n lojale ondersteuner, die US se bedryfshoof prof. Stan du Plessis, het ons kapteine en voorsitters by die jaarlikse verwelkomingsfunksie toegespreek. Hy het ons herinner dat harde werk en toewyding belangrik is, maar ook dat mislukkings en suksesse deel is van die leerproses.



*Die US se rektor en visekanselier, prof. Wim de Villiers, gesels met personeel tydens 'n Afrigtersforumsessie.*


# Dr. Ali Bacher besoek Maties




*Te danke aan die Universiteit Stellenbosch se Studenteraad (SR) en Maties Sport kon studente-atlete, personeel en afrigters skouers skuur met die legendariese krieketspeler dr. Ali Bacher. Dr. Bacher, 'n veelsydiger speler wat beskou word as Suid-Afrika se topkrieketbrein, is deur die hoofafrigter van Maties Krieket, Ryan Bailey, verwelkom, wat hom as die vader van Suid-Afrikaanse krieket bekendgestel het.*

# Blik op hoë prestasie


### 2023 HP-studente-atleetdeelname-inskrywing: geslagverspreiding





### Geslagverspreiding van HP-studente-atlete 2018-2023

| | 2018 | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Mans | 246 | 228 | 208 | 199 | 190 | 174 |
| Vroue | 94 | 117 | 112 | 118 | 121 | 154 |
| Totaal | 340 | 345 | 320 | 317 | 311 | 328 |

### Beurstoekennings: BSIA vs. wit 2019- 2023




### 2023 HP-sportbeurstoekennings: geslagverspreiding




2023 Geslagverspreiding van beurshouers (N=304)

# Alle Maties-sportsterre sal voordeel trek uit afstandoefentegnologie


Maties Sport het belê in sagteware om gepersonaliseerde oefenprogramme aan alle studente-atlete te verskaf.

Hierdie tegnologie sal nie net krag- en kondisioneringafrigters ondersteun in hul werk nie, maar dit sal ook te alle tye vir studente-atlete interaktiewe toegang tot oefenmateriaal gee op hul kommunikasietoestelle – wat beteken dat hulle hul oefensessies by hul akademiese en sportskedule kan inpas wanneer dit gerieflik is vir hulle.

Hierdie vooruitgang wat betref "afstandafrigting" het baie en ingrypende voordele vir ons Hoëprestasie-eenheid:


- Beter ondersteuning en nasporing van studente-atlete tydens vakansietye;
- Voorafgestelde programmering vir alle kodes en spanne;
- Vroeë ingryping op skoolvlak om toekomstige Maties vir die sportomgewing voor te berei;
- Bystand met personeel se gesondheid- en welweesinisiatiewe; en
- Inkomstepotensiaal deur die verskaffing van ondersteuning aan eksterne individue en spanne.

'n Bykomende bonus is dat dit die HP-eenheid sal help om 'n databasis van programme en 'n oefenbiblioteek wat videodemonstrasies insluit, op te bou.








## Aantal HP-studente-atlete per fakulteit 2019-2023




## 2023 VOORGRAADSE HP-GROEPKREDIETE




## Verspreiding van HP-studente-atlete volgens jaar van studie: 2019-2023



# 6 MATIES SE SPORTSTERRE

Maties Sport skep 'n omgewing waarin studente hul talente kan slyp terwyl hulle aan die Universiteit Stellenbosch studeer. Die bewys van ons programme se doeltreffendheid is duidelik as ons kyk na hoe Maties se sportsterre ons nasionaal en internasionaal trots maak. Drie uitsonderlike studente-atlete is in 2023 met Rektorstoekennings vir Uitnemendheid in die sportkategorie vereer: Anika du Plessis – Skaak; Mire Reinstorf – Atletiek; en Jana van Schalkwyk – Atletiek.



*Anika du Plessis*



*Mire Reinstorf*



*Jana van Schalkwyk*



Maties Netbal se verdediger en kaptein, **Syntiche Kabuya**, was 'n deurslaggewende speler vir die Southern Stings in die Telkom-netballiga.



Die Maties-tennisspeler **Lisa Yssel** het Namibië in Junie by die Billie Jean King- (BJK-) beker in Kenia verteenwoordig en is later gekies vir Namibië se senior nasionale span by die Kikuxi Villas Ope in Angola. Sy is 'n BCom-student in Logistiek en Voorsieningskettingbestuur.




Maties se spiesgooi-ster **Jana van Schalkwyk** is al sedert haar eerste jaar in 2020 'n lid van Maties se atletiekspan en sy het in 2023 'n bronsmedalje verower by die Wêreldstudentespele.




Maties Netbal-veterane **Nichole Taljaard** en **Nicole Smith** is ingesluit by die Spar Proteas-groep wat deelgeneem het aan die Netbalwêreldbeker wat in Julie in Kaapstad aangebied is.

**Mire Reinstorf**, Maties se sportvrou van die jaar in 2022 en bekende paalspringatleet, is as 'n promotorskeuse genooi om aan die Wêreldatletiekkampioenskap in Budapest, Hongarye, deel te neem. Sy studeer vir 'n BCom-graad in Aktuariële Wetenskap.



# Rugbyspelers hou Maties se naam hoog



*Ons mansrugbyspan het die USSA-kroon gewen.*

Deon Fourie, Grant Williams en Kyle Steyn (Skotland) het deelgeneem aan die 2023 Rugbywêreldbeker, en Grant de Jager het later aangesluit by die Junior Bokke se oefengroep (met Paul de Villiers as kaptein).

Bianca Augustyn, Elitha Sylvester en Ankia Viljoen was almal lede van die Springbok-vrouesewesgroep, Luchell Hanekom het haar eerste verskyning vir die Springbok-vrouespan gemaak, en Lara Schats het aangesluit by die Springbok-vroueoefengroep vir die WXV 2.

Provinsiale spelers sluit in: 31 voormalige Maties wat speel in die Verenigde Rugbykampioenskap (VRK) en Europese Uitdaging, met nóg 17 wat speel in die Curriebeker-kompetisie. Ses voormalige en huidige Maties het in die DHL WP-vrouespan gespeel en 29 Maties was ingesluit by DHL WP se o.19-, o.20- en o.21-span.

# Ons groet Zanele Situ – 'n globale Maties-ikoon

Zanele Situ het in 2000 die eerste swart Suid-Afrikaanse vrou geword om 'n goue medalje by 'n Paralimpiese Spele te wen toe sy die spiesgooi-item in haar klas (F54) by die Paralimpiese Spele in Sydney verower het. Sy het by daardie Spele ook silwer verower in die diskusitem.

Zanele het die gebruik van albei haar bene verloor toe sy 11 jaar oud was, en was die res van haar lewe rolstoelgebonde. Sy het nogtans in 1985 begin om aan atletiek deel te neem en het uitgeblink in die gooi-items. Sy het in 1998 vir die IPC Wêreldatletiekkampioenskap in Engeland gekwalifiseer, waar sy 'n goue medalje in spiesgooi en 'n bronsmedalje in diskusgooi gewen het. Sy het vier jaar later haar spiesgooi-titel in Lille verdedig en weer eens goud in hierdie item gewen.

Zanele is in Suid-Afrika erken vir haar prestasies toe die Orde van Ikhamanga (silwer) aan haar toegeken is vir haar uitmuntende bydrae tot sport.

Ná haar sukses in Sydney, het sy weer goud gewen in spiesgooi by die Paralimpiese Spele in Athene in 2004, en die Whang Youn Dai-prestasietoekenning is aan haar oorhandig – sy is een van slegs twee Suid-Afrikaners wat al hierdie eer ontvang het.



*Zanele Situ*

Daar was geen keer aan Zanele nie – 16 jaar nadat sy haar eerste Paralimpiese medalje verower het en vier jaar ná haar vierde plek by die 2012 Paralimpiese Spele in Londen, was die Maties Parasport-atleet wéér op die podium toe sy 'n bronsmedalje in spiesgooi (F54) gewen het by die Paralimpiese Spele in Rio de Janeiro in 2016.

Die beskeie maar uiters vasberade veteraan het ook aan verskeie Wêreldkampioenskapbyeenkomste deelgeneem. Naas die medaljes wat sy in 1998 en 2002 gewen het, het sy ook in 2011, 2013, 2015 en 2017 bronsmedaljes in die spiesgooi-item verower.
In 2020 het Zanele Span SA in Tokio by 'n sesde Paralimpiese Spele verteenwoordig. As 'n 50-jarige was sy die oudste lid van die groep van 34 atlete in Japan. Sy is November in die ouderdom van 52 oorlede.

# 7 NÓG 'N WENJAAR!

**Maties Sport is trots op die 50 studente-atlete wat hul lande oor 12 sportkodes heen verteenwoordig het in 2023. Ons gee erkenning aan al ons spelers wat elke jaar hul bes gee, sowel as aan ons USSA-, liga- en klubsterre wat aanhou presteer.**

Maties Sport het uitgeblink by Universiteitesport Suid-Afrika (USSA) se winterkampioenskap, en ons vrouespanne het goud gewen in hokkie, netbal (wat ons aangebied het) en waterpolo. Ons het ook kampioenskaptitels verower in mansrugby, manswaterpolo, manssokker en e-sport. Ander noemenswaardige prestasies by USSA-kompetisies was 'n silwermedalje vir ons swemspan, 'n bronsmedalje vir ons roeispan en bronsmedaljes vir albei ons sewesrugbyspanne (mans en vroue).

Die 31e FISU Wêreldstudentespele is in Chengdu, China, aangebied en 10 Maties Sport-studente-atlete en een afrigter het Span SA verteenwoordig. Sewe van die 10 Maties-verteenwoordigers is lede van Maties Watersport: Leila Broomhall, Anna Thornton-Dibb, Jennifer Everett, Stephanie Berry, Jordan Harding, Leah Goodman en Jenna van den Bosch. Hoofafrigter Cameron Sugden is as 'n beampte gekies.

Anna Thornton-Dibb (huidige student) en Meg Sileno (alumna) het ook deelgeneem aan die kwalifiserende rondes vir die Waterpolowêreldbeker vir vroue in Berlyn, Duitsland. En die volgende Maties-alumni het Suid-Afrika by die Waterpolowêreldbeker vir mans verteenwoordig: Joshua Faber, Lwazi Madi, Cameron Laurenson en Ross Stone, vergesel deur Maties se hoofafrigter Vaughn Marlow. Hulle het die toernooi afgesluit met 'n oorwinning van 9-7 teen Nieu-Seeland.

Maties Hokkie se o.21-spelers het dubbelgoud gewen by die Afrikanasiesbeker. Maties Hokkie-studente-atlete Caylin Maree, Mikkela le Roux, Katlego Bodibe, Jenna Fyvie, Daniella de Oliveira, James Flint, Viwe Mbata, Hans Neethling, Caleb Oliphant en Ross Montgomery was deel van SA se o.21-spanne wat 'n plek by die FIH Juniorwêreldbeker bespreek het.

Ons Maties-hokkievroue se hoofafrigter, Lenise Marais, en video-ontleder, Jamie Smith, het op die voorgrond gestaan van hierdie fantastiese prestasie deur ons nasionale o.21-vrouespan.


Ons Rekreasie- en Aktiewe Lewenstylprogram het in samewerking met die US se Studenteraad 'n kampussportprogram van stapel gestuur om aan studente wat nie by klubs geregistreer is nie, die kans te bied om op sosiale vlak aan die sport van hul keuse deel te neem.

"Campus Sport Bumper nights" is in Augustus bekendgestel en het sewe sportkodes betrek: rugby, sokker, hokkie, netbal, tennis, tafeltennis en basketbal. Die klustersportdag in April het netbal, 5-'n-kant-sokker, ultimate frisbee en vlugbal ingesluit.





*USSA-wenners: Maties se vrouehokkiespan vier hul oorwinning.*

## Prestasie-oorsig van Maties Sport se hoëprestasiesportkodes: 2019-2023





## Maties se nasionale en internasionale verteenwoordiging 2023





## Resultate van hoëprestasiesportkodes: 2019-2023

| | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 |
|---|---|---|---|---|---|
| **VARSITYBEKER** | | | | | |
| Mansrugby | 1ste | NVT | 2de | 2de | 4de |
| Vrouerugby | NVT | NVT | NVT | NVT | 1ste |
| YG-rugby | NVT | NVT | NVT | 4de | 2de |
| **VARSITY SPORT** | | | | | |
| Vrouehokkie | 2de | NVT | NVT | 2de | NVT |
| Manshokkie | NVT | NVT | NVT | 3de | NVT |
| Krieket | 4de | NVT | NVT | 1ste | NVT |
| Netbal | 2de | NVT | 2de | 1ste | 4de |
| **USSA** | | | | | |
| Atletiek | 4de | NVT | 5de | 5de | 5de |
| Watersport (Swem) | 2de | NVT | 3de | 2de | 2de |
| Watersport (Waterpolo) | 1ste | NVT | 1ste | 1ste | 1ste |
| Vrouebasketbal | 3de | NVT | NVT | 9de | 2de |
| Mansbasketbal | 5de | NVT | NVT | 4de | 6de |
| Krieket | 1ste | NVT | 2de | 4de | 5de |
| Manssokker | 2de | NVT | NVT | 20ste | 1ste |
| Vrouesokker | 15de | NVT | NVT | 13de | 11de |
| Netbal | 2de | NVT | 3de | 1ste | 1ste |
| Vrouehokkie | 3de | NVT | 2de | 1ste | 1ste |
| Manshokkie | 2de | NVT | 4de | 1ste | 2de |
| **LIGA** | | | | | |
| Atletiek | NVT | NVT | NVT | NVT | NVT |
| Watersport (Swem) | NVT | NVT | NVT | NVT | NVT |
| Watersport (Waterpolo) | - | NVT | - | - | - |
| Vrouebasketbal | NVT (onttrek) | NVT | 1ste | 1ste | NVT (onttrek) |
| Mansbasketbal | NVT (onttrek) | NVT | 1ste/2de | 2de | NVT (onttrek) |
| Krieket | - | NVT | 1ste | 1ste | 1ste |
| Manssokker | 2de | NVT | 7de | 5de | - |
| Vrouesokker | 13de | NVT | 8ste | 6de | - |
| Netbal | 1ste | NVT | NVT | 1ste | 1ste |
| Vrouehokkie | - | NVT | 1ste | 1ste | 2de |
| Manshokkie | - | NVT | 2de | 2de | 1ste |

### Klublidmaatskap





### Geslag: Klublidmaatskap





Vrouestudente Manstudente

### Geslag: Kampusliga 2023





Vrouestudente Manstudente

### Koshuisligas




## LIGALIDMAATSKAP 2023


### Koshuisligas




### Nationale verteenwoordeging

| | Hoë prestasie | Mededingend | Totaal |
|---|---|---|---|
| 2019 | 29 | 10 | 39 |
| 2020-2021 | 14 | 14 | 28 |
| 2021-2022 | 25 | 14 | 39 |
| 2023 | 27 | 4 | 31 |

### Provinsiale




### Provinsiale Verteenwoordiging

| | Hoë prestasie | Mededingend | Totaal |
|---|---|---|---|
| 2019 | 92 | 1 | 93 |
| 2020-2021 | 91 | 69 | 160 |
| 2021-2022 | 82 | 32 | 114 |
| 2023 | 111 | 27 | 138 |

# Maties Sport-toekennings 2023

**Sportvrou van die jaar (Parasport):** Anika Pretorius

**Span van die jaar:** Maties Vrouerugby

**Klub van die jaar:** Rugby

**Afrigter van die jaar (individuele sport):** Daniel Damon

**Sportvrou van die jaar:** Ongeziwe Mali

**Afrigter van die jaar (spansport):** Lenise Marais

**Volle kleure** – 37

**Akademiese presteerders** – 15

**Sportman van die jaar:** Lutho Skweyiya

**Studenteadministrateur van die jaar:** Lehan Botha

**Spesiale vermelding:** Mandilene Hoffman, Brandon Beack, Nicola Smith en Nichole Taljaard





*Prof. Sibusiso Moyo, Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies oorhandig die trofee aan die sportvrou van die jaar Ongeziwe Mali (links) en die sportvrou van die jaar (Parasport) Anika Pretorius.*



*Lutho Skweyiya, sportman van die jaar, by prof. Stan du Plessis, die US se bedryfshoof.*



**Ons studente-atlete oor sportkodes heen het ons trots gemaak in USSA-, Varsity Sport- en ligakompetisies. Geluk aan die Maties Roei-, Maties Sokker- en Maties e-Sport-deelnemers.**





# 8 NAVORSING VIR IMPAK

Te danke aan die aanstelling van 21 navorsingsgenote, die vestiging van 'n Sentrum vir Olimpiese Studies, navorsing met impak, en sosiale-impakprogramme was 2023 'n besige jaar vir die Sentrum vir Sportleierskap (SSL) en sy nuut aangestelde hoof, dr. Nana Adom-Aboagye.

## Ons vestig 'n Sentrum vir Olimpiese Studies

Die Sentrum vir Sportleierskap (SSL) het 'n suksesvolle bod by die Internasionale Olimpiese Komitee ingedien om 'n Sentrum vir Olimpiese Studies te vestig – die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Olimpiese Studies en Sosiale Impak (SASOSSI).

'n Sentrum vir Olimpiese Studies vorm 'n integrale deel van die akademiese en navorsingsintegriteit van die Olimpiese beweging, en die nuut gevestigde SASOSSI by die Universiteit Stellenbosch is die tweede van sy soort in Afrika en een van 68 wêreldwyd.

SASOSSI sal poog om die toonaangewende navorsing- en akademiese entiteit in Afrika te wees. Dit sal dit bemoei met samewerking tussen verskeie belanghebbers ten einde betrokke onderwys, opleiding en navorsing met trefkrag te verseker wat beleidsontwikkeling, strategiese besluitneming en kennisproduksie wat verband hou met Olimpiese studies en sport vir ontwikkeling en vrede op alle vlakke sal beïnvloed.

Die sentrum sal gelei word deur prof. Cora Burnett, een van die SSL se navorsingsgenote, wat in 2014 die eerste Sentrum vir Olimpiese Studies in Afrika by die Universiteit van Johannesburg gevestig het.

Maties Sport se hoofdirekteur, Ilhaam Groenewald, sal as SASOSSI se adjunkdirekteur dien. Al 21 navorsingsgenote van die SSL sal ook met SASOSSI geaffilieer wees.



*Ilhaam Groenewald (adjunkdirekteur van SASOSSI), dr. Nana Adom-Aboagye (direkteur van die SSL) en prof. Cora Burnett (direkteur van SASOSSI).*

## Publikasies

Ilhaam Groenewald, hoofdirekteur van Maties Sport, dr. Nana Adom-Aboagye, hoof van die Sentrum vir Sportleierskap, en prof. Cora Burnett, een van ons navorsingsgenote, het vier hoofstukke bygedra tot die handboek: *The Management of Sport in South Africa*. Dié boek verskaf 'n unieke benadering tot sportbestuur in die Suid-Afrikaanse konteks. Prof. Burnett het ook 'n manuskrip in die *Journal of Physical Education and Sport* gepubliseer met die titel: "We all stand accused in the fight against 'doping' among young South African rugby players", en sy het met dr. Adom-Aboagye saamgewerk om 'n artikel oor die onderverteenwoordiging van vroue in sportleierskap in Suid-Afrika in *Frontiers in Sports and Active Living* te publiseer.

# Navorsingbetrokkenheid met trefkrag

Die Sentrum vir Sportleierskap (SSL) was betrokke by navorsing wat 'n groot impak op sowel nasionale as streeksvlak in Suid-Afrika gehad het.

Die Netbalwêreldbeker is in 2023 vir die eerste keer in Afrika aangebied en die SSL het navorsing onderneem ('n eerste wêreldwyd) wat die beveiligingervarings van vrywilligers by 'n internasionale geleentheid ondersoek het.

Dit is gevolg deur navorsing vir die Afrika Unie se Sportraadstreek 5, waar die SSL projekleiers was van navorsing wat gender, sportleierskap en gestremdheid in vyf Afrikalande (Botswana, Malawi, Suid-Afrika, Zambië en Zimbabwe) ondersoek het.




Die SSL was ook betrokke by die aanbieding van slypskole in al nege provinsies om 'n konsep vir die nasionale beleid oor vroue in sport in Suid-Afrika op te stel.

# Program wat speluitkomste verander ("Game changers"-program)

Die Sentrum vir Sportleierskap (SSL) en Maties Sport het met toonaangewende belanghebbers saamgespan om die Statebondspelefederasie se program om speluitkomste te verander ("Game changers"-program) in Mei bekend te stel.

Deelnemers van Stellenbosch-skole het afrigting ontvang in netbal, rugby en atletiek, asook spanbou-aktiwiteite deur Love Life tussen afrigtingsessies.

Vennote wat in die program belê het, sluit in die Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee (SASKOK), sy Atlete-kommissie, die Departement van Sport, Kuns en Kultuur, die Wes-Kaapse regering, ASA, Netbal SA, SARU en die Nasionale Loteryekommissie.

Sosiale impak is een van die universiteit se fokusgebiede om kennis en lewensvaardighede te bevorder terwyl dit die gemeenskap dien. En met sport wat die ideale medium vir verandering in die land bied, spoor SSL-hoof dr. Nana Adom-Aboagye mense aan om met hul kantoor saam te werk om meer van hierdie projekte in Stellenbosch aan te bied.

# Besoek deur dr. Ian Sherwin

Dr. Ian Sherwin van die Universiteit van Limerick in Ierland het Stellenbosch in Maart besoek. Ons koöperatiewe navorsingsveld handel oor denkende afrigtingspraktyk, en word gesteun deur die Erasmus Mundus-navorsingtoekenning tussen ons twee universiteite. Dr. Sherwin het interaksie gehad met ons hoofafrigters oor alle sportkodes heen, en het ook 'n insiggewende lesing aangebied oor "Afrigtingstyle en kommunikasie" vir ons hoëprestasie-hoofafrigters, Hoëprestasie-eenheid se personeel, en die Departement Sportwetenskap se derdejaarstudente wat spesialiseer in afrigting.






# ONTMOET ONS SSL-GENOTE



Prof. Vassil Girginov
Brunel Universiteit, Londen, VK
Prof. Richard Giulianotti
Loughborough Universiteit, VK
Dr. Holly Collison
Loughborough Universiteit, Londen, VK
Prof. Simona Safarikova
Palacky Universiteit, Tsjeggië
Prof. Arnaud Richard
Université de Toulon, Frankryk
Prof. Lesley Ferkins,
Auckland Universiteit van Tegnologie, Nieu-Seeland
Prof. Sally Shaw
Universiteit van Otago, Nieu-Seeland
Dr. Michele van Rooyen
SA Rugby-unie, Suid-Afrika
Prof. Nico Schulenkorf
Universiteit van Tegnologie, Sydney, Australië
Prof. Cora Burnett
Universiteit Stellenbosch, Suid-Afrika
Prof. Ramon Spaaij
Victoria Universiteit, Australië
Prof. Holly Thorpe
Universiteit van Waikato, Nieu-Seeland


# 9 FINANSIES

As deel van Maties Sport se verbintenis tot goeie finansiële bestuur, werk ons noukeurig met inkomste en uitgawes sodat ons kan aanhou om die beste ervaring aan ons studente-atlete te bied.

## Finansiële volhoubaarheid

Ons beoog om finansiële volhoubaarheid te bereik deur (1) langtermynbeplanning en -belegging (2) kostebestuur (3) inkomsteskepping (4) belegging in infrastruktuur (5) bestuur en deursigtigheid (6) risikobestuur (7) aanhangerbetrokkenheid (8) sosiale impak en (8) aanpasbaarheid en innovasie. Deur hierdie faktore doeltreffend te bestuur, kan ons ons finansiële volhoubaarheid verbeter om langtermynsukses te bereik in 'n veranderende, mededingende en dinamiese hoëronderwyssektor.




In terme van menslike hulpbronne het ons 'n paar vakatures gehad wat tot 'n besparing van 5% op ons algehele begroting gelei het.

Hierdie besparing is binne ons geïntegreerde begrotingbenadering gebruik om omgewings te ondersteun wat finansiële tekorte moes mitigeer. Ons finansiële doelwit om volhoubaar te wees, bly ons prioriteit sodat ons teen die laagste moontlike koste sportgeleenthede met uitmuntende afrigting en leierskap aan ons studente kan bied.

**Verhoging van 30% in klublidmaatskappryse –** Dit is weens klerepakkette wat die Maties Sport-handelsmerk bevorder en eenvormigheid tussen verskillende sportspanne skep.

**Verhoging van 50% in skenkings en borgskappe** Maties Rugby het 'n 3-jaar-vennootskap met Adam Piper onderteken vir die nuwe kampusrugby-inisiatief wat deur die hoof van rugby, Drickus Hancke, gelei sal word.

**Verhoging van 25% in ander inkomste –** Dit is te danke aan inkomste wat uit geleenthede gegenereer is, asook die verkope van ondersteunersdrag.

# 10 DOELGERIGTE VENNOOTSKAPPE

Maties Sport is trots op ons fasiliteite, sportaanbod en akademiese en oefenondersteuningprogramme vir ons studente-atlete… maar ons sou nie só 'n hoë standaard kon handhaaf as dit nie vir ons kennis-, finansiële en borgskapvennote was nie.

## Maties Sport sluit stylvolle ooreen-koms met Hi-Tec

Maties Sport het in 2023 'n nuwe klerevennootskap met Hi-Tec-sportverspreiders begin. Dié maatskappy is 'n welbekende handelsmerk binne Maties Sport.

Maties Sport het vroeër die jaar 'n tenderproses ondergaan om 'n maatskappy te vind wat gehalteklere teen die beste waarde aan ons kan verskaf, en die tender is aan Hi-Tec-sportverspreiders toegeken. Die rede vir die tender was om verskillende ontwerpe deur verskillende sportklubs en die gebruik van verskillende verskaffers uit te skakel. Deur met 'n handelsmerk soos Hi-Tec saam te werk, verhoog ons die waarde-proposisie vir ons lede deur een klerehandelsmerk van gehalte aan te bied.




*Maties met die Hi-Tec-handelsmerk.*

As deel van hierdie vennootskap borg Hi-Tec-sportverspreiders 20% van die totale aankoopooreenkoms en is Maties Sport aanspreeklik om die balans op te maak. Hierdie vennootskap sluit ook informele klere teen 'n redelike en billike prys in, met vinniger diens aangesien Maties Sport al die items in voorraad sal hê.

## FISU/FASU Strategiese Dialoog




*Ilhaam Groenewald en Eric Saintrond.*

Maties Sport se hoofdirekteur, Ilhaam Groenewald, het die 2023 FISU & FASU Strategiese Dialoog bygewoon wat in Mei by die Universiteit van die Witwatersrand (Wits) aangebied is. Die tema van die dialoog was "Ontsluit Afrika se potensiaal" en daar was geleentheid vir interessante gesprekke. Hier is sy saam met FISU se hoof- uitvoerende beampte, Eric Saintrond.

# Kamp aangebied deur Maties Sport



*Afrigters, atlete en parasportatlete van oor die Afrika-streek heen het aan die einde van Augustus in Suid-Afrika byeengekom om deel te neem aan 'n twee week lange kamp met die doel om die ontwikkeling van inklusiewe sportweë te ondersteun wat positiewe sosiale verandering in sport en gemeenskappe bevorder.*

# Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge

Die Universiteit Stellenbosch (US) se Afdeling vir Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge het nou met Maties Sport en sportkodes saamgewerk om geld in te samel by alumni, maatskappye, stigtings en trusts. Die hoofdoel was om geld in te samel vir onderrigbeurse vir hoëprestasie-studente-atlete en vir borgskappe.

Daar is in 2023 net meer as R7,5 miljoen ingesamel vanaf 41 donateurs en dit het baie studente-atlete in staat gestel om hul studies aan die US voort te sit terwyl hulle op die sportveld presteer.

**Verskeie geleenthede is aangebied:**

- Ons was die gasheer vir borge by Varsitybeker-wedstryde;
- ' n Gauteng-gholfdag by Randpark in Mei;
- 'n Skemerkelkiefunksie by Die Stal voor die Netbalwêreldbekertoernooi, wat deur Proteas-netbalspelers en huidige Maties-netbalspelers bygewoon is;
- 'n Skemerkelkiefunksie vir alumni in Gauteng saam met legendariese Maties Springbok-spelers by die Johannesburgse buiteklub;
- 'n Gauteng-gholfdag in Houghton saam met donateurs, alumni en borge;
- Die SWAN Vrouegholfdag in Stellenbosch; en
- Die Doc Craven-gholfdag in Stellenbosch (wat net meer as R1 miljoen ingesamel het vir Craven-beurse).



*Die gholfdag wat in Randpark, Johannesburg, aangebied is, was 'n feestelike geleentheid vir donateurs en alumni.*

## Dankie aan ons vennote!

Sonder borge sou baie sportprogramme en geleenthede nie lewensvatbaar gewees het nie. Maties Sport en die Universiteit Stellenbosch spreek graag ons dankbaarheid uit vir jul ruim skenkings, finansiële ondersteuning en bydraes in 2023.

**Ons bedank:**

- First National Bank
- Adam Piper
- Pro Events Security
- Gallagher (Pty) Ltd
- Eye gym (Pty) Ltd
- Hi-Tec
- Hyundai, Stellenbosch
- Kingdom & Co
- Drenched (Pty) Ltd
- Peninsula Beverages (Pty) Ltd

# 11 IN VOELING MET ONS AANHANGERS

**Die Eenheid vir Media en Kommunikasie gaan voort om al Maties Sport se geleenthede en prosesse te ondersteun deur kommunikasiebeplanning, intydse dekking op sosiale media en die webwerf, denke oor handelsmerkgeleenthede, en inligting oor aktiverings om die studente-ervaring en US-handelsmerkbevordering te maksimaliseer.**

Maties Sport se Eenheid vir Media en Kommunikasie het ook die eerste media- en handelsmerkslypskool in samewerking met die Universiteit Stellenbosch se Afdeling vir Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking aangebied om hul verbintenis tot handelsmerkbelyning en die jongste neigings ten toon te stel aan verskeie Maties Sport-personeel, onder meer sportbestuurders, afrigters, klubvoorsitters en mediaverteenwoordigers.

Die eenheid was in 2023 weer eens van onskatbare waarde om nie net die Maties Sport-span nie, maar ook die breër publiek in verbinding en ingelig te hou deur 'n verskeidenheid plasings op verskeie kanale by geleenthede soos die Varsitybeker, Varsity Netbal, USSA-kompetisies en die Kampussport-aande wat in die jaar bekendgestel is. Die eenheid het ook 'n hommeltuigprojek van stapel gestuur om al Maties Sport se fasiliteite ten toon te stel – jy kan die 360-virtuele toer hier doen: https://sport.sun.ac.za/facilities/

MarketIQ verskaf mediastatistieke aan Maties Sport en die besonderhede hier onder wys die opbrengs op belegging van ons mediadekking in 2023. Met ongeveer 5 000 meldings in die media, hoofsaaklik van neutrale aard in drukmedia en aanlyn, is Maties Sport se gemiddelde iScore-maat 3,08 met 'n gemiddelde opbrengs van amper R3,5 miljard.

## Oorsig van dekking

**5 091**
dt.Meldings. Telling

**3.08**
dt.Gemiddelde iScore-maat

**0%**
dt.Netto. Sentimente%

**R3 469 727 593**
dt.Totale AVE.

**745 103 724**
dt.Potensiële Trefwydte

Volgers op Maties Sport se sosialemediaplatforms neem deurlopend toe, met Instagram en Facebook wat onderskeidelik met 2 200 en 2 300 volgers gegroei het. Die gehoor oor platforms heen bly tussen 18-24 jaar en bestaan hoofsaaklik uit ons studentekorps. In 2023 het ons hoofbladsye altesame 9.3 miljoen indrukke ontvang – 'n bewys van ons uitgebreide trefwydte.

## Druk die volgknoppie

Volgersyfers op hoofplatforms soos op 20/12/23:

**Instagram:**
**Volgers: 7 232**
(Toegeneem met 2 200)

**Facebook:**
**Volgers: 11 437**
(Toegeneem met 2 300)

**X:**
**Volgers: 3 468**
(Toegeneem met 205)

**TikTok:**
**Volgers: 1293**
14 000 opduime (begin in 2023)

**2023 in syfers:**

**5.7K**
Plasings gepubliseer

**9.3M**
Totale indrukke

**8.1K**
Nuwe volgers

**634.1K**
Totale betrokkenheid

***Betrokkenheid is die aantal kere wat 'n gebruiker op 'n plasing gereageer het, 'n opmerking daarop gemaak het, dit gedeel het, of daarop geklik het.***
***Indrukke is die aantal kere wat 'n plasing deur gebruikers op 'n platform gesien is.***